

## LECTADE

### SLEGS VIR DIEREGERBRUIK

**Reg. Nr. G361** (Wet 36 van 1947)

n Hulpmiddel in die behandeling van buikloop (Diarree) by kalwers, lammers, boklammers, varkies en perde deur die voorkoming en omkering van die ontwatering en verlies van elektroliete en energie. 'n Elektroliet-aanvulling vir werkende perde. Vir die omkering van hipoglikemie en om herstel aan te help in gevalle van domsiekte by skape.

#### EIENSKAPPE:

- Verminder duurte en behandeling van buikloop.
- Vervang vloeistof en elektroliet verlies.
- Vervang melk, melkvervanger of ander voer tydens behandeling.
- Aanpassing in 'n nuwe omgewing vir aangekoopte kalwers en varkies word vergemaklik.
- 'n Aanvullende behandeling tot antibakteriese behandeling.
- By ligte gevalle mag dit voldoen as enigste behandeling.
- Doeltreffende behandeling van domsiekte by skape.

#### INHOUD

Elke behandeling bestaan uit twee Sakkies A en B die inhoud waarvan voor gebruik gemeng moet word.

**Sakkie A** 19,4 g Glisien 31,8% m/m Elektroliete en sitroensuur 68,2% m/m

**Sakkie B** 44,6 g Dekstrose 100% m/m

#### TEGNIËSE AGTERGROND

##### Tipes diarree

Daar is drie basiese soorte buikloop: bakteriële-, virus- en voedingsteurnisse. Wat ookal die oorsaak is, ontstaan daar 'n tekort aan water en noodsaaklike elektroliete soos natrium en kalium as gevolg van die effek van toksiene of as gevolg van die beskadiging van die verterings- en absorpsiemeganismes van die dermkanaal.

##### Verteringsteurnisse

Indien beskadiging van die verterings of absorpsie meganismes voorkom, word melk of melkvervanger moeilik deur die kleinderm geabsorbeer en koolhidraat of proteïen reste sal laer in die spysverteringskanaal te lande kom waar hulle deur bakterieë gefermenteer sal word. Dit vererger die buikloop en bemoeilik herstel. Lectade los die probleem op. Die dekstrose in die oplossing word volledig in die kleinderm geabsorbeer met die gevolg dat geen reste oorbly waarop bakterieë kan inwerk nie.

##### Dehidrasie

As die buikloop voortduur wys die dier die tipiese voorkoms van dehidrasie naamlik neerslagtigheid en ingesonke oë. Onder sulke omstandighede was dit al bewys dat die opname van dekstrose en glisien voortduur en dit stimuleer die opname van natrium en water van die dermkanaal. Dit keer die dehidrasie om. Lectade bevat dekstrose en glisien tesame met ander elektroliete om die rehidrasie te bevorder.

##### Aangekoopte kalwers, varkies, lammers en boklammers

Die volledige opname van Lectade beteken dat dit besonder geskik is as die eerste voeding van nuutaangekoopte kalwers, varkies, lammers en boklammers, waar hulle omgewing verander is en onreëlmatige voeding of transportspanning normale spysvertering versteur het. Proewe het die effektiwiteit van Lectade aangetoon — dit is smaaklik, word goed geabsorbeer en diere herstel gouer. Word gedurende behandeling van kalwers in plaas van melk of melkvervanger gevoer; dit vervang ook voer vir varkies gedurende behandeling.

## **INDIKASIES**

### **Kalwers**

1. Om die dehidrasie en verlies van elektroliete as gevolg van diarree om te skakel.
2. Om buikloop te verminder in aangekoopte kalwers.

### **Varkies**

1. Om die dehidrasie en verlies van elektroliete as gevolg van neonatale en naspeenbuikloop om te skakel.
2. Om vloeistof inname aan te moedig en om die dehidrasie en terugslag na spening te voorkom.

### **Lammers en boklammers**

1. Om die dehidrasie en verlies van elektroliete as gevolg van diarree om te skakel.
2. Om vloeistof inname aan te moedig en om die dehidrasie in gevalle van uithongering by lamming te voorkom.

### **Skape**

1. Vir die omkering van hipoglikemie en om herstel aan te help in gevalle van domsiekte by skape.

### **Perde**

1. Om die proses van dehidrasie en verlies aan elektroliete wat op diarree volg om te keer.
2. 'n Elektroliet-aanvulling vir perde

### **Algemene nota**

Dit is van uiterste belang dat jong diere genoegsame kolostrum (bies) inkry, veral gedurende die eerste ses uur na geboorte om natuurlike weerstand so hoog as moontlik te verseker. Hou voergereedskap skoon en vermy oorvoeding.

## **WAARSKUWING:**

Alhoewel hierdie middel breedvoerig onder 'n wye verskeidenheid van toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer. Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

## **VOORSORGMAATREËLS:**

### **Slegs vir bekdosering**

'n Veearts moet altyd geraadpleeg word as daar enige twyfel oor die diagnose of behandeling van die buikloop bestaan. Lactade kan alleen gebruik word, of in kombinasie met antibakteriese behandeling. Raadpleeg u Veearts in verband met korrekte siektebeheer. Bêre in 'n koel droë plek.

## **GEBRUIKSAANWYSINGS:**

Gebruik slegs soos aangedui.

### **Meng voorskrifte:**

Standaard verpakking: Meng die inhoud van een gepaarde sakkie (A+B) met twee liter loutwarm water.

**Sakkie A en B moet altyd saam gebruik word.**

### **DOSERING**

#### **(a) Kalwers**

**Aangekoopte kalwers:** Gee twee liter van die oplossing (volgens voorskrif voorberei) **in stede van melk** as eerste voeding na aankoms. Met die tweede voeding word een liter van die Lactadeoplossing, gemeng met een liter melkvervanger, gebruik. Daarna, normale voeding.

**Buikloop kalwers:** Onmiddellik as tekens van buikloop verskyn **moet die voer van melk of melkvervanger gestaak word**. Gee twee liter Lactade-oplossing tweemaal daagliks vir twee dae (vier voedings). Vir die volgende vier voedings gebruik een liter Lactade-oplossing gemeng met een liter melk of melkvervanger. Daarna, normale voeding. As die buikloop gevestig of erg is en ernstige dehidrasie veroorsaak, moet die oplossing drie tot vier maal per dag gevoer word. Lactade mag vir 'n maksimum van vier dae op sy eie gebruik word. Normale voeding moet hervat word na die behandelingskursus.

(b) **Varkies**

**Soënde varkies:** Sodra buikloop simptome verskyn, moet 'n vars aangemaakte oplossing in 'n medikasiedrinkbak of soortgelyke skoon houer volgens voorskrif aan die hele werpsel beskikbaar gestel word. Die hoeveelheid oplossing gebruik, sal afhang van die ouderdom van die varkies, die getal in die werpsel en die erns van die buikloop. 'n Werpsel van een week oue varkies sal byvoorbeeld twee tot drie liters per dag verbruik. Die hoeveelheid verbruik sal toeneem met die ouderdom van die varkies en waar enkele varkies ooglopend te swak is om te suig of te drink, mag hulle apart met 'n spuit of ander doseringsmetode per hand gedoseer word. Die hoeveelheid wat elke keer gegee word, mag 20 — 30 ml drie of vier maal per dag wees.

**Gespeende varkies:** Gespeende varkies wat tekens van buikloop toon moet 'n vars oplossing in 'n geskikte, skoon, medikasiedrinkbak, trog of drom met tepelrinkers kry (afhangende van die grootte van die groep). Vaste voedselinname moet, vir een tot twee dae beperk word, maar die normale vars water voorsiening moet volgehou word. (Af en toe mag dit nodig wees om die water voorraad vir 'n paar uur te stop om die varkies aan te moedig om die oplossing te begin drink). Die hoeveelheid oplossing verbruik sal afhang van die getal varkies in die groep en die erns van die buikloop, maar as 'n algemene gids moet elke gespeende varkie omtrent een liter per dag gegee word. Gespeende varkies drink soms te veel Lactade as dit *ad lib* gegee word. Waar dit ondervind word moet hoeveelhede daarom tot een liter per dag beperk word, of die konsentrasie verminder word tot 50% die normale. (bv. een gepaarde sakkie A + B per vier liter water).

**Duur van behandeling:** Lactade moet vir vier dae beskikbaar gestel word. As daar 'n mate van verbetering na vier dae is, maar die buikloop het nie volkome opgeklar nie, mag behandeling aangehou word tot 'n totaal van agt dae.

**Agalaktie:**

Waar varkies minder of geen melk ontvang nie, sal toegang tot Lactade vir 'n maksimum van twee dae dehidrasie voorkom en ook deels die verlies aan voeding herstel. Waar agalaktie vir langer tydperke aanhou, moet 'n sogmelkvervanger gebruik word.

**Tydperke van spanning:** Lactade mag teen helfte die normale konsentrasie gebruik word (bv. een gepaarde sakkie A + B in vier liter water) vir twee tot drie dae na enige tydperk van spanning (bv. spening vervoer, ens.). Toegang tot Lactade sal help om, deur vloeistof- en elektroliet-inname en absorpsie te verhoog, enige maontlike terugslae beperk.

**Notas:** Normale voeding moet na die behandelingskursus hervat word. Sorg moet gedra word om te verseker dat varkies nie sonder Lactade, drinkwater of sogmelk gelaat word nie. Gaan die voorsiene oplossing elke 12 uur na en vul dan aan waar nodig. Vervang elke 24 uur met vars oplossing.

(c) **Lammers en boklammers**

Voer 150 to 200 ml oplossings wat volgens voorskrif opgemaak is, twee tot vier maal daaglik soos benodig. Die oplossings moet teen liggaamshitte met 'n voedingsbottel of maagbuis gegee word. Die lam of boklam moet toegelaat word om aan die ooi te suip. Enige ongebruikte Lactade mag in 'n skoon houer in 'n koel plek gehou word, maar moet na 24 uur weggegooi word.

(d) **Skape**

Los die inhoud van Sakkie A (19,4g) en Sakkie B (44,6g) in 200 ml water op. Dien toe met 'n geskikte doseerbottel. Herhaal elke 4 — 8 ure soos nodig.

(e) **Perde**

**Diaree:** Vullens kan Lactade teen 'n dosis van een gepaarde sakkie, opgelos in 4 liter drinkwater ontvang (of in die normale waterinname indien dit voldoende is). Alternatiewelik kan vullens met behulp van 'n maagbuis doseer word. In lg. geval word 1 gepaarde sakkie Lactade in 2 liter water opgelos en teen 'n dosiskoers van ongeveer 20 — 30 ml/kg liggaamsmassa toegedien.

Toediening moet daaglik herhaal word, soos benodig. Gewone drinkwater moet na toediening van Lactade beskikbaar gestel word. In die geval van ouer perde moet Lactade by die drinkwater gevoeg word (1 — 2 gepaarde sakkies daaglik).

**Elektroliet vervanging na oefening:** 1 — 2 sakkies per dag by die drinkwater gevoeg of opgelos teen 'n koers van 1 sakkie per 2 — 4 liter water wat tydens ruskanse gedurende uithouritte aangebied word.

**Behandeling van sub-kliniese dehidrasie:** 1 Sakkie opgelos in drinkwater, tweemaal per dag. Dosis moet vir 3 dae volgehou word.

**AANBIEDING**

Kartonne van 12 gepaarde sakkies (A+B): bevat genoeg Lectade om 24 liter oplossing vir behandeling op te maak.

Pfizer Laboratories (Pty) Ltd  
Reg. Nr. 1954/000781/07  
Rivoniaweg 102  
Sandton 2196  
SUID AFRIKA